INTERNATIONAL BACCALAUREATE
BACCALAURÉAT INTERNATIONAL
BACHILLERATO INTERNACIONAL

M00/160/H

**AFRIKAANS A1 – HIGHER LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU SUPÉRIEUR – ÉPREUVE 1**
**AFRICAANS A1 – NIVEL SUPERIOR – PRUEBA 1**

Monday 8 May 2000 (morning)
Lundi 8 mai 2000 (matin)
Lunes 8 de mayo del 2000 (mañana)

4 hours / 4 heures / 4 horas

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Section A: Write a commentary on one passage.
- Section B: Answer one essay question. Refer mainly to works studied in Part 3 (Groups of Works); references to other works are permissible but must not form the main body of your answer.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- Ne pas ouvrir cette épreuve avant d'y être autorisé.
- Section A : Écrire un commentaire sur un passage.
- Section B : Traiter un sujet de composition. Se référer principalement aux œuvres étudiées dans la troisième partie (Groupes d'œuvres) ; les références à d'autres œuvres sont permises mais ne doivent pas constituer l'essentiel de la réponse.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Sección A: Escriba un comentario sobre uno de los fragmentos.
- Sección B: Elija un tema de redacción. Su respuesta debe centrarse principalmente en las obras estudiadas para la Parte 3 (Grupos de obras); se permiten referencias a otras obras siempre que no formen la parte principal de la respuesta.

## SEKSIE A

*Lewer kommentaar op een van die volgende tekste:*

**1.** (a)

### Die paradoks van postmoderne welvaart.

Bring rykdom geluk? Dit bly ’n netelige vraag soos dié storie maar alte goed demonstreer: Op vakansie in Mexico kyk ’n Amerikaanse sakeman hoe ’n visserman ’n kleinerige vangs inhaal. “Hoekom bly jy nie langer uit en bring ’n groter vangs in nie,” vra die Amerikaner. “Hier is genoeg vis vir vandag. Ek hou daarvan om met my kinders te speel en ek hou van my siesta, en ek hou daarvan om my kitaar te speel,” antwoord die visserman. Die Amerikaner gee ’n bietje raad: “As jy langer uitbly, sal jy meer visvang, kan jy ’n tweede boot koop en later ’n hele vloot besit. Jy kan ’n maatskappy stig en na die Mexico City beweeg.” “En dan, Meneer?” vra die visser. “Wel, dan kan jy so welgesteld word dat jy kan aftree in ’n visserdorpie en jou siesta hê en kitaar speel …”

Ons almal weet dat rykdom en geluk nie noodwendig hand aan hand gaan nie. ’n Opname in die jare tagtig het aan respondente gevra hoe optimisties hulle oor die toekoms voel. Dit was interessant dat die Duitsers (die mees welgestelde Europese nasie) die mees pessimistiese groep was, terwyl armer nasies soos die Iere en die Portugese veel meer optimisme getoon het.

Wat is die rede vir die vreemde verskynsel? Miskien gaan dit meer om die serebrale en die intuïtiewe. Ons weet dat te veel introspeksie nie juis bevorderlik vir geluk is nie. Gekultiveerde mense sou argumenteer dat hulle nie geluk najaag nie, maar eerder probeer sin maak van die lewe. Niemand lees graag ’n verhaal oor gelukkige mense nie. Pyn en worsteling is die kenmerk van die diep denker, reken hulle.

Vir intellektuele mense is ’n staat van geluk gewoon ’n gekkeparadys. Ek ly pyn, daarom is ek, het Proust gesê. Pyn, sê die postmodernis, is integraal aan die lewe van die moderne, identiteitsoekende, refleksiewe mens.

Die besef dat rykdom en die opsies wat daarmee saamgaan, ongeluk bring, vereis dat ons ’n nuwe maatstaf moet skep om menslike ontwikkeling te meet. Tans toets lande waarvan die bevolking ’n hoë lewensverwagting, ’n lae geletterdheidsvlak en ’n hoë inkomstevlak geniet, hoog dié skaal. Op dieselfde skaal meet ’n klomp ongeletterde kleinboere met ’n lae lewensverwagting so ongeveer nul.

Dit bring ons by die vraag: Hoeveel het ons nodig om te bestaan? Die een mag sê: Genoeg om van te lewe. Die ander mag dink: Soveel moontlik. Hoeveel ons ookal het, dit lyk of dit niks te maak het met ons geluksvlakke nie.

Pete le Roux, *Insig*, (1999)

**1.** (b)

**trekvoëls**

hier agter tralics van seisoene sit
hul vasgevang. die rye skoorstene wat halflyf
vuil en swart die neweloggend moediglik
probeer versier met skaduwee en lig, misluk:

en tussen takkies braambos maak hul nes
om in te slaap, die gryse waarheid weg te droom.
saans bondel swaels en kraanvoëls bymekaar
en wag en wag vir iets om binne hul te roer.

want êrens anders sal die lentemodder
waarmee die neste veilig bind ’n einde
aan die lang en bitter winter bring
die son sal aangewaai kom op die suideuind.

die instink knaag gedurig, sterker as verstand,
trek deur die tralies uiteindelik terug na daardie land.

Fanie Olivier, *Gom uit die Sipres*, (1970)

## SEKSIE B

*Skryf 'n opstel oor een van die volgende. Baseer jou antwoord op ten minste twee dele van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Verwysings na ander werke is toelaatbaar, maar behoort nie die hoofdeel van jou antwoord uit te maak nie.*

**Drama**

**2.** (a) Karakterbeelding en karakterontwikkeling in die drama maak nie staat op beskrywing nie, maar op dialoog. Bespreek die wyse van karakterisering met verwysing na dramas wat jy bestudeer het.

*of*

(b) Identifiseer die opponerende karakters in die gelese dramas en stel vas waarom die dispuut gaan. Kan jy dié bespreek met verhouding tot die konflik in die gelese dramas? Identifiseer die aard van die konflik in ten minste twee werke wat jy gelees het.

**Verhalende tegniek**

**3.** (a) Verhale speel hulle oor verskillende tye af. Gaan die verhale na wat u gelees het, en besluit hoe die verteltyd bydra tot die ontwikkeling van die karakters in elke verhaal.

*of*

(b) Verhale word vertel deur verskillende stemme. Dink jy dat die verteller die manier waarop ons die verhaal ervaar, kan beïnvloed? Dink veral aan die verhaalperspektief en baseer jou antwoord op ten minste twee van die bestudeerde werke.

**Die kortverhaal**

**4.** (a) Die kortverhaal werk gewoonlik met 'n enkele oorheersende idee of kwessie wat as dryfveer vir die hooflkarakter dien. Bespreek enkele van die kwessies en demonstreer hoe dit die lewensloop van die ander karakters beïnvloed.

*of*

(b) 'n Goeie kortverhaal loop uit op 'n slot wat 'n sekere noodwendigheid toon. In watter mate is dit waar van die verhale wat jy gelees het?

**Skrywers voor 1960**

**5.** (a) Die skrywers uit die periode staan midde in die apartheids-era wat beteken dat werke uit die tyd rasseverhoudings onbevraagtekend weergee. In watter mate was dit jou ervaring van die werke wat jy gelees het.

*of*

(b) In werke uit die periode is daar geen bewussyn van die regte van vroue, en word hul ondergeskikte rol as norm aanvaar. Is dit jou ervaring van die gelese werke?

**Die tradisionele roman**

**6.** (a) Dit is opvallend dat die temas van die werke oorwegend die landelike as agtergrond het. Daarmee saam gaan essensieel konserwatiewe sienings van lewenskwessies. Stem jy saam met die stelling ten opsigte van die werke wat jy gelees het.

*of*

(b) Die tradisionele roman verheerlik die tradisies van ’n bepaalde era en bevraagteken nie die lewenstyl van mense nie, maar gee dit bloot weer. In watter mate is die stelling juis ten opsigte van die werke wat jy gelees het?

---